AFRIKAANSE SENDER, S.A.U.K.,
DINSDAG, 30 NOVEMBER 1954,
8 - 8.15 nm.

Vervolgens na gewoonte die gebed by die huldigingsbetoging aan dr. Malan by Stellenbosch, 1 Okt. 1957.

HULDIGING: Dr. D.F. MALAN.

(Deur Prof. H.B. Thom)

Vandag, 30 November 1954, tree dr. D.F. Malan die Eerste-ministerskap van die Unie van Suid-Afrika neer. By hierdie geleentheid voel 'n mens 'n behoefte daaraan om 'n oomblik stil te staan en na te dink: na te dink oor 'n Eersteminister wat hiermee 'n betekenisvolle, veelbewoë staatkundige loopbaan afsluit, en na te dink oor wat hy gedurende daardie loopbaan tot stand gebring en vir sy volk beteken het.

As 'n mens aan dr. Malan en aan sy werk dink, dan is daar 'n menigte indrukke wat dadelik na vore beur en wat mekaar in 'n mens se gemoed verdring. Wat myself betref, is ek my egter eers en veral bewus van 'n sekere totaal-beeld, wat min of meer oorheersend is. Ek dink naamlik bowealles aan 'n lange, volle lewe van 'n man wat steeds onverskrokke, onverpoosd en onvermoeid gewerk het.

'n Blik op die hoofmomente uit dr. Malan se lewe, laat hierdie totaal-beeld al gou na vore tree. Hy is gebore op 22 Mei 1874, op die bekende ou boereplaas Allesverloren aan die voet van Riebeek se berg, daar waar 'n mens se oog oor die uitgestrekte graanlande en vlaktes in die verte na Porterville en Tulbagh se kant toe wegdwaal. Die rustige ou boereplaas kon hom egter nie lank hou nie, want, gedryf deur 'n belangstellende, ~~[illegible]~~ gees, is hy hier na Stellenbosch toe, waar hy vanaf 1891 tot 1899 gestudeer het.

Daarna volg vier-en-n-half jaar van toegewyde, ~~doeglike~~ studie in Nederland, aan die einde waarvan hy in Utrecht in die Godgeleerdheid gepromoveer het. Na sy terugkeer in sy vaderland het hy hom met hart en siel in die stryd geswerp om die erkenning van Afrikaans, en het hy ook agtereenvolgens in Heidelberg (Transvaal), Montagu en Graaff-Reinet in die bediening gestaan.

Dan volg die ...../2

Dan volg die stigting van die Nasionale Party en van Die Burger: dr. Malan word redakteur van Die Burger, en kort daarna Voorsitter van die Nasionale Party in Kaapland. In 1918 word hy tot lid van die Volksraad gekies in Calvinia, en hiermee begin 'n veeleisende parlementêre loopbaan, wat van toe af tot ~~vandag toe~~ in 1954 goduur het - ses-en-dertig jaar lank. In 1919 gaan hy as lid van die Vryheidsdeputasie na die buiteland, en vyf jaar later word hy Minister van Binnelandse Sake, Volksgesondheid en Onderwys in die Hertzog-regering. ~~Dit was in hierdie hoedanigheid dat hy in 1925 die wet deur die Parlement gelei het, waardeur Afrikaans as taal amptelike erkenning gekry het.~~

In die politieke krisis van 1933 het hy geweier om hom met Samesmelting eens te verklaar en, met 18 volgelinge in die Volksraad, het hy in die Opposisie gegaan: in hierdie moeilike omstandighede het hy hom nou afgesloof om die Nasionale Party opnuut op te bou. Dit was 'n swaar stryd, maar by die verkiesing van 1938 het sy 18 man in die Volksraad ~~daarin~~ tot 27 aangegroei. Toe volg die oorlogskrisis van 1939: die Verenigde Party het geskeur, en genl. Hertzog en dr. Malan het mekaar weer die hand gereik.

In 1943 het die moeilike oorlogsverkiesing plaasgevind, toe dr. Malan se volgelinge nogeens aangegroei het, hierdie keer tot 43. Aangespoor hierdeur het hy met nog groter erns en toewyding aan die werk gegaan; en hy kon die bekroning van sy arbeid in die verrassende verkiesingsuitslag van 1948 aanskou, ~~sien,~~ toe ~~sy party~~ die meerderheid gekry het en dus die Regering moes vorm. Na 'n bewindstermyn van vyf jaar het die kiesers van Suid-Afrika opnuut vertroue in dr. Malan en sy Regering uitgespreek, en hom inderdaad met 'n aansienlik versterkte meerderheid na die Volksraad teruggestuur.

Op 22 Mei 195[illegible] het hy ~~negtig~~ drie-en-tagtig jaar oud geword. Voorwaar 'n lewe van moeste arbeid, 'n volle lewe van inspanning en toewyding. Dit is die soort van lewe wat die swakke van gees gou sou laat ineen stort en verdwyn, maar die soort van lewe waarin die sterke van gees floreer en gedy. Dit is die lewe van omvang en formaat; maar dit het omvang en formaat slegs omdat dit deur die gees van omvang en formaat gelei en geleef word. Die plaasseun van Allesverloren het stap-vir-stap met vaste tred vorentoe gebaan en vir sy volk 'n leier en Eerste-minister van groot formaat te word.

Dit is die totaal-beeld. Maar daar is ook sekere besondere punte wat by hierdie geleentheid ons aandag vereis.

3

Een van die mooiste sye van dr. Malan se lewe - maar een wat miskien nie so prominent onder die aandag gekom het nie omdat dit sy meer persoonlike lewe raak - is sy intense liefde vir sy huis en sy huisgesin. Sy openbare lewe daarbuite het hoë eise aan hom gestel, en swaarwigtige staatsake het sy aandag gevra, maar ten spyte van dit alles vergeet hy sy eie huis nie. Hy bly die liefdevolle vader van sy huisgesin, wat in die huislike kring, met mev. Malan, met Marietjie en die seuns, Danie en Hannes, geluk en rus vind. Dit is of sy huis en huislike kring vir hom altyd weer versterking en krag vir die stryd daarbuite help gee het. In die lig hiervan sal ons effens kan verstaan waarom die siekte van mev. Malan hom onderlyd so diep aangegryp het, en wat dit alles van hom gevorg het. Maar terselfdertyd sal ons ook weet watter vreugde haar herstel vir hom beteken het, 'n vreugde waarin die volk van Suid-Afrika van harte saam met hom gedeel het.

Daar word dikwels terecg gesê dat 'n gesonde huislike en familielewe een van die vernaamste voorwaardes vir die geestelike en morele welvaart van ons volk is. Dr. Malan het ons hier 'n pragtige, sprekende voorbeeld gestel.

Ons dink ook ..... /4

ons
~~Ek~~ dink ook aan 'n ander belangrike aspek van dr. Malan se lewe. ~~Ek dink aan hom as kultuurbewuste, kultuurvaste Afrikaner.~~ Hy is die produk van 'n egte Afrikaanse Bolandse familie, 'n familie waarvan die afstamming van vaderskant 'n byna suiwere Hugenote-afstamming toon. Hy is dus egte Afrikaner, uit die midde van ons volk voortgekom. Van jongs af het hy liefde gehad vir wat sy eie is, en met verloop van jare het hierdie liefde steeds groter, dieper geword.

Veral vir ons taal het hy reeds vroeg in die bresse getree en een van die ~~grootste~~ sterkste kampvegters daarvoor geword. Dit het hy reeds in 1908, enkele jare na sy terugkeer uit Nederland, op ondubbelsinnige wyse getoon toe hy, as Voorsitter van die Afrikaanse Taalvereniging, hier gepraat het op Stellenbosch sy beroemde voorlesing onder die titel: Dit is ons Ernst, ~~gehou het.~~ En in ~~Dat hy in~~ 1925 ~~getoepe was dat~~ die wet ter erkenning van Afrikaans deur die Parlement te voer, was seker geen toeval nie. ~~Hiermee het hy in~~ kultuurdaad gedoen wat ~~tot~~ in lengte van dae van die allergrootste betekenis in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner ~~sal bly~~, en wat vir hom in die hart van elke regskape Afrikaner 'n ereplek besorg het.

Ek kan nie nalaat om hier ook sy onwankelbare Godsvertroue en diepe Godsdienssin te noem nie. In die bediening het hy self in die diens van sy Kerk gestaan; afkomstig uit Hugenotegeslagte het hy die God van sy voorvaders gedien en verkondig. En toe hy later uit die praktiese bediening getree het om sy volk op staatkundige terrein te lei, het hy nog steeds in die Godsdienstige tradisie van sy voorgeslagte voortgewerk. Ons onthou nog almal sy besielende radiotoespraak by geleentheid van sy bewindsaanvaarding in 1948: hoe hy sy taak met nederigheid aanvaar het en hoe hy nadruklik verklaar het dat hy en sy Regering die ernstige voorbidding van die Kerk vra. Waar hy ook al opgetree het, in sy eie huis, in die Parlement of op die groot staatkundige terrein daarbuite, sy optrede was steeds dié van die toegewyde,

godvrugtige Christen- ...../5

godvrugtige Christen-leidsman. Hierdie eienskap, wat ook van 'n President Paul Kruger so kenmerkend was, is een van dr. Malan se uitstaande kenmerke. Albei hierdie manne - en daar is ook nog baie ander punte van sprekende ooreenkoms tussen hulle - sal ons nie net staatsmanne en volksmanne noem nie, maar ook Godsmanne.

Daar is nog verskeie ander eienskappe van dr. Malan, of sye van sy lewe, wat hier genoem kan word. Ons dink aan sy oortuigende, deeglepende redenaarskrag, wat hom in staat gestel het om groot gehore lank en intens te boei. Ons dink aan sy buitengewone kritiese vermoë, wat meegebring het dat hy steeds ernstig gewik en geweeg het voordat hy iets aanvaar of 'n stap gedoen het. Ons dink aan sy gawe om 'n moeilike probleem tot die fundamentele punte te reduseer, sodat die ingewikkeldheid verdwyn en 'n juiste perspektief gevind word. Ons dink aan sy fyne, suiwere aanvoeling vir wat daar in die hart van die Afrikaner omgaan, waardeur hy in staat gestel is om die reaksie van die volk grondig te begryp en te beoordeel. Ons dink ~~ook~~ aan sy fyn sin vir humor, wat, ten spyte van 'n oënskynlike strakheid en erns, altyd aanwesig was. Die tyd laat ons egter vannaand nie toe om op dit alles in te gaan nie.

Maar ek moet afsluit. Laat my toe om met 'n beeld te eindig, 'n beeld wat altyd weer by my opkom as ek aan dr. Malan en sy rol in ons volkslewe dink.

Die ander dag was ek in Hermanus. Ek het daar by Kwaaiwater gestaan. 'n Swaar, swart rots steek daar 'n ent in die see in. Dan kom 'n enorme brander en breek met woeste gewald oor die rots heen, sodat dit heeltemal toe is. Maar as die siedende watermassa wegsak, is die rots nog daar. Daar kom 'n tweede groot brander, en breek met dieselfde gewald oor die rots heen, maar as die skuimende water wegsak, .../6

water wegsak, is die rots nog daar. En so gaan dit voort: elke keer as die water wegsak, is die rots nog daar, onbeweeglik, onveranderd.

Hierin het ek dr. Malan gesien. Woeste branders het al oor ons volkslewe geslaan, en het ook met geweld oor sy hoof gebreek, maar hulle het hom nie vernietig nie: altyd was hy nog daar, onveranderd, ongeskonde. Só was hy; en só is hy vandag nog. Ons bring hulde aan hom. ~~Doktor, baie dankie; uit die diepte van ons harte: Baie dankie.~~

H. 15.7.4.

****